Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 18 Mei 1949 Prys 3d. No. 26

## Prys Vir Heul Met Rusland

Die lugbrug na Berlyn, wat hierdie week beëindig is omdat die Russiese blokkade opgehef is, het Brittanje die aardige sommetjie van £5,850,000 tot die einde van Maart gekos. Dit is die prys wat Brittanje moes betaal vir sy heulery met Rusland en hy sal nog meer offers, ook bloedoffers, vir sy heulery moet betaal.

## GAAN SILWERKOEËLS REPUBLIKEINE SKIET?

**In 1942 het die H.N.P.-leiding 'n „Republikeinse Strydfonds" in die lewe geroep en by die kollektering daarvoor is gepraat van „silwerkoeëls" waarmee die Republiek losgeskiet sou word van die Empire. Tienduisende ponde is vir hierdie republikeinse doel gegee, ook deur baie O.B.-lede. Nou het dr. Malan afgesien van 'n republiek, LOS VAN DIE BRITSE RYK, waarvoor die fonds bestem was. Hy wil nou net 'n „republikeinse staatsvorm" BINNE die Empire hê — iets wat die Engelse hom van harte gun.**

**Wat gaan nou van daardie „Republikeinse Strydfonds" word? Gaan dit teruggegee word aan die skenkers met die verskoning dat dit nou meer noodsaaklik is om te verhoed dat die „Britse Empire verbrokkel?" Of gaan dit aangewend word om dr. Malan se nuwe Empire-beleid by die republikeinse volk te propageer, of vir 'n eleksiestryd by die volgende verkiesing nadat 'n nuwe koalisie met die Empire-gesindes tot stand gekom het?**

**Indien 'n republikeinse beweging by so 'n verkiesing dalk republikeinse kandidate gaan stel, sal hierdie republikeinse fonds aangewend word om die republikeinse kandidate te beveg?**

**Sal die „republikeinse silwerkoeëls" in daardie geval afgeskiet word op republikeinse kandidate?**

# DR. MALAN WORD DRAER VAN MODERNE BRITSISME

## O.B. Veg Voort Vir Nasionalisme

**Tydens die debat in die Volksraad waarin die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, verslag gedoen het van die onlangse Statebondskonferensie in Londen het die leier van die H.N.P. 'n splinternuwe standpunt ingeneem wat sodanig verskil van sy vroeëre beskouinge dat die lede van die V.P.-opposisie hom soms luider toegejuig het as die oorblufte lede van sy eie party, skryf die Voorligtingsoffisier, genl. W. R. Laubscher, in verband met die jongste politieke ontwikkelings.**

**Dr. Malan het gesê „dat ons nou te doen het met 'n ander Statebond as wat daar tevore gewees het. Hy is heeltemal in wese verander." Dr. Malan het aan agbare lede van die Volksraad vertel dat die Statebond in Londen sodanig „breër gemaak" is dat Indië sy „selfbeskikkingsreg" uitgeoefen het en tog nog lid van die Statebond gebly het! „Dit is die verdere en belangrike verandering wat daar nou gekom het," het dr. Malan verduidelik.**

„Al wat ek nou kan sê, is dit," het dr. Malan voorts verklaar: „Ons het vandag te doen met 'n ander Statebond as wat dit tevore gewees het, en as daar geen struikelblokke gelê word — dit herhaal ek hier weer — deur die Statebond nie (en hy sal dit moet doen alleen wanneer hy sy eie karakter gaan verander), as daar geen struikelblokke gelê word in die pàd van vryheid en onafhanklikheid van sy aparte lede nie, as daar geen struikelblokke gelê word in die uitoefening van die selfbeskikkingsreg van lede om republieke te word nie, dan het ek geen beswaar om te sê dat ook as ons 'n republiek is, ons lid van daardie Statebond sal bly."

### NUWE ROK

**Dr. Malan gaan uit sy pad uit om by herhaling te vertel dat Ouma Brittanje vir haar 'n nuwe rok aangetrek het — EN DAT HY NOU VAN DIE OUVROU HOU. Uit dr. Malan se eie mond moet ons nou verneem dat hy en sy party voortaan DIE DRAERS SAL WEES VAN DIE MODERNE BRITSISME IN SUID-AFRIKA.**

**In 1910 en selfs daarvoor het wyle genl. Botha en genl. Smuts die draers van die destydse Britsisme in Suid-Afrika geword. Destyds het die twee generaals, wat tien jaar tevore teen die Britse Empire geveg het, ook aan hulle volgelinge gesê dat die Britse Ryk anders is as wat dit tevore gewees het. „Die Empire het nou ‚selfregering' aan die verowerde republieke gegee," het dit toe geheet. Vandag is dr. Malan se woord „selfbeskikkingsreg".**

### SMUTS SE TRAGEDIE

Terloops wil ek net daarop wys dat dr. Malan se „bekering" van Afrikaner-nasionalis tot vaandeldraer van Britsisme vir genl. Smuts 'n persoonlike tragedie inhou. **Dr. Malan het in Londen vir genl. Smuts verbygestap. Malan word vandag in Londen deur genl. Smuts se Britse vriende, en in Suid-Afrika deur genl. Smuts se pers en in die Volksraad deur genl. Smuts se party toegejuig as die „redder" van die Statebond, terwyl genl. Smuts en sy ouderwetsgeworde Britsisme alreeds vergeet word.**

### BRITSISME AFGEVAT

Maar nie alleen is dr. Malan se bolmakiesie genl. Smuts se tragedie nie — dit is ook die tragedie van die Verenigde Party. **Want dr. Malan het nou laasgenoemde party se Britsisme afgevat. As gevolg van die verlies loop die Verenigde Party nou gevaar om dood te gaan.** En dit is oënskynlik wat die Herenigde Party verwag. Hierdie verwagting is in die hooforgaan van die H.N.P. — Die Burger — in 'n veelseggende spotprent uitgedruk. In die prent word die byl aan die V.P.-boom gelê en word genl. Smuts geteken met 'n vreeslike hoofpyn oor die vernietiging van sy party.

Dit doen my geen wonder om te hoor dat voorbokke van die V.P. reeds hard besig is om koalisie-planne met die H.N.P. te smee nie!

(Vervolg op bladsy 8)

## LAERTREK BY COOPERSDAL

**Die Ossewabrandwag van Gebied F hou vanjaar weer 'n vakansielaertrek te Coopersdal. Die laer begin op 4 Julie en duur tot 15 Julie.**

**Die Lerfooi is £1/10/- vir volwassenes, en vir kinders onder 18 jaar 15/-. Diegene wat die laer slegs vir 'n aantal dae wil bywoon, sal 1/6 per dag moet betaal.**

**Alle Brandwagte wat die laer wil bywoon moet sonder versuim met die Stafhoof, Posbus 1059, Pretoria, in verbinding tree.**

**Hou ons bolgende uitgawe dop.**

# ‚MALAN HET LIG GESIEN' SÊ SMUTS

## BELOOF NOU STEUN AAN REGERING

**Veldm. J. C. Smuts, leier van die Opposisie, wat voor dr. Malan se vertrek na Londen openlik beswaar gemaak het teen die formule vir 'n republiek binne die Britse Statebond, het nou dat die Eerste Minister terug gekeer het en daar meer duidelikheid bestaan oor dr. Malan se houding, sy volle steun aan die regering beloof, en in sy jongste verklaring het hy sy vreugde uitgespreek omdat die leier van die H.N.P. nou „lig gesien het".**

Toe veldm. Smuts die hoofbestuur van die Kaaplandse V.P. verlede Vrydag toegespreek het, het hy volgens die Cape Times die versekering gegee dat hy die regering sal steun om die land se ekonomiese probleme te help oplos. Ons moet vertroue uitvoer omdat dit die beste uitvoerartikel is waaroor 'n land beskik, het hy gesê. Dit is dieselfde veldm. Smuts wat etlike weke gelede nog met praatjies rondgeloop het dat Suid-Afrika bankrot gaan en dat die buiteland nie meer geld hier wil belê nie. Om hierdie rede het die H.N.P. hom beskuldig dat hy die land ekonomies saboteer.

### DIE LIG

**Op dieselfde vergadering het genl. Smuts ook aan sy ondersteuners gesê dat hy van die stemming hou waarin dr. Malan uit Londen teruggekeer het. Hy (dr. Malan) het „lig gesien". En blykbaar omdat dr. Malan nou „lig gesien het" wat ooreenstem met die lig wat genl. Smuts al die jare sien, sien hy kans om die regering te ondersteun.**

Ook van die kant van dr. Colin Steyn, V.P.-leier in die Vrystaat, het die afgelope naweek lofwoorde vir dr. Malan opgeklink.

Dr. Steyn het 'n vergadering op Vereeniging toegespreek en verwys na die „wonder" wat baie jare gelede op Vereeniging plaasgevind het toe Boer en Brit mekaar die hand gegee het en hulle verskille begrawe het. Sedertdien is hierdie besluit uitgevoer deur die wyse staatsmanskap van genl. Botha, genl. Smuts, genl. Hertzog, en **nou deur dr. Malan wat onlangs die omvang van sy staatsmanskap in Londen bewys het.**

## DR. MALAN EN ROOMSE KERK

**Die Raad van die Kerke van die Gefedereerde N.G. Kerke het besluit om 'n aanbeveling by die Gefedereerde Kerke te doen om aan te sluit by 'n afvaardiging van die Hervormde Kerk na die Eerste Minister wat voornemens is om protes aan te teken teen „die toename van Rooms-Katolieke invloede in Suid-Afrika wat dreig om 'n gevaar te word vir die Protestantse saak."**

**Dr. Malan het sedertdien homself gedissosieer van enige voorneme om 'n ondersoek te laat instel na die Roomse vraagstuk. In 'n telegram aan sy Engelse- en ook Katolieke-kandidaat in Port Elizabeth het hy ontken dat hy enige voorneme het om 'n veldtog teen die Rooms-Katolieke te loods. Dr. Malan het gesê dat sy party vryheid van godsdiens toelaat.**

# O.B. GAAN VOORT: DR. VAN ZYL OOR TOEKOMSTAAK

**Na aanleiding van 'n berig in Die Burger as sou daar sprake wees van ontbinding van die Ossewabrandwag, het Die O.B. 'n onderhoud met die Gebiedsleier van Kaapland, dr. F. D. du Toit van Zyl, gehad. Tyd was ongelukkig te kort om voor verskyning van ons blad met die K.G. in verbinding te tree. Genl. Van Zyl het in sy onderhoud as volg verklaar:**

Laat my dadelik in my hoedanigheid as Kaaplandse leier van die O.B. met alle beslistheid sê dat as so 'n gedagte iewers mag bestaan, dit sekerlik nie in Kaapland gevind kan word nie — die gebied waaroor my kennis en verantwoordelikheid strek.

Wat die res van die Unie betref kan ek slegs daarop wys dat niemand by magte is om die O.B. te ontbind nie. Die Grootraad van die Ossewabrandwag is die enigste liggaam wat so 'n voorstel kan oorweeg vir voorlegging aan 'n Uniale laertrek van offisiere deur wie alleen in die laaste instansie 'n besluit geneem kan word om die Beweging te ontbind indien dit nodig mag blyk, om watter rede ook al. Tot op datum het die Grootraad nog geen sodanige voorstel voor hom gehad nie, en ek kan ook geen die minste rede sien waarom so 'n voorstel aan hom voorgelê sal word nie. Die Ossewabrandwag se republikeinse roeping en taak het in die afgelope weke baie duideliker geword as op enige stadium van sy bestaan. Die voortsetting van die republikeinse stryd het tans op ondubbelsinnige wyse op die skouers van die Ossewabrandwag geval. Eerder dus om te dink aan ontbinding of eervolle ontslag, dink ons op hierdie oomblik aan die taak om ons volk te lei na sy republikeinse bestemming.

# Waarom Die Stryd As Doel Groter Rykseenheid Was?

**Die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, skryf aan Die O.B. as volg:**

Luidens Die Transvaler van 7 deser sou die Eerste Minister by sy aankoms by die lughawe een van sy trawante begroet het met die woorde: „Dag, jou oud-republikein!" So, ten minste, wou 'n vriend my wysmaak, maar die onverwagte openhartigheid het my laat voel dat dit dalk beter is om eers die juiste woorde te kontroleer. Ook maar goed, want ek vind toe dat hy werklik nie „oud-republikein" dog wel „ou-republikein" sou gesê het. Aanvanklik wou ek my kortsigtige (of korswillige) vriend op sy foutiewe lesing attent maak, maar ek het daarvan afgesien.

Want, mnr. die Redakteur, by nadenking wat is die hele H.N.P.-leiding anders as „oud-republikeine"?

Die sterk woorde en besluite is nog fris in ons geheue; die woorde van enige korte jare gelede oor die „Republikeinse Orde vir Suid-Afrika" of die noodsaaklikheid van 'n republiek „afgeskei van die Britse Kroon", en ook die „Silwer Koeëls" waarmee 'n republiek glo te wenne sou gewees het. Eertyds is hierdie en soortgelyke dinge ten volle gebruik (of misbruik) veral in die veldtog teen generaal Hertzog. Ja, luidens die „Vrymesselaarsbriewe". . . . wat almal van gehoor het en wat niemand ooit gesien het nie! . . . . sou generaal Hertzog destyds te vinde gewees het vir 'n „Empire-Republiek" (d.w.s. 'n republiek binne die Britse Gemenebes). Hierdie doodsonde van destyds is veral in daardie dae deur die huidige Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, baie sterk gewraak en by uitstek was hy bedrywig in die „Briewe-agitasie" teen die gryse Leier aan wie se welwillende belangstelling hy hoofsaaklik sy publieke loopbaan te danke had. Maar dit was enige jare gelede.

### NUWE ERA

En vandag?

**Vandag sê die Eerste Minister met voldoening dat 'n nuwe era van Ryksverhoudings aanbreek wat die lede hegter aan mekaar gaan snoer; en die Engelse blaaie (sowel hier as oorsee) wat steeds die sterkste kampvegters van die Imperiale gedagte was en tewens die mees gedugte teenstanders van die republikeinse ideaal, die blaaie stel met voldoening vas dat republikanisme van die baan is en dat „Dr. Malan gains perspective" (Rand Daily Mail) of „Travel broadens the mind" (of Dr. Malaan) . . . (The Star).**

Ek gee hulle gelyk dat daar 'n verbysterende metamorfose plaasgevind het en dat die H.N.P.-leiding nou voor vriend en vyand gekompromiteer staan as afgedwaal van die gedagte van 'n republiek wat afgeskei van die Kroon is (of selfs enige soort republiek). **Of die voorasnog effens dronkgeslane volgelinge ewe maklik gaan afstand doen van die enigste inheemse staatsgedagte van die Afrikaner is minder seker.**

### NOG NIE OUD-

Wat wel seker is, is dat daar ook buitekant die H.N.P.-geledere 'n element is wat sterk republikeinsgesind is en wat nog nie „oud-republikeine" geword het nie. **Maar wat hierdie mense betref, het die Eerste Minister uit sy pad gegaan om, nog voor sy vertrek, aan die Natalse Senator Heaton Nicholls die versekering te gee dat „We are not on speaking terms". Blykbaar omdat ons**

(Vervolg op bladsy 6 kol. 2)

# ALLES NOU REG WAT IN 1942 VERKEERD WAS

**„Solank die Britse konneksie daar is, is die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk, gegrond op vriendskaplike verhoudinge tussen die twee rasse, 'n hopelose mislukking," het dr. D. F. Malan op 13 Januarie 1942 in die volksraad verklaar toe hy sy mosie dat Suid-Afrika omgeskep moet word in 'n republiek, afgeskei van die Britse kroon, toegelig het. Hierdie mosie is destyds heelhartig deur sy party gesteun en het uitgeloop op 'n warm debat wat in sy finale stadium dwarsdeur die nag tot die môre nege-uur geduur het.**

Dr. Malan het, volgens Hansard, o.m. verklaar: „Ons kan nie bly by die toestand wat is nie, maar ons het met betrekking tot daardie toestand van oorlog waarin ons gesleep is, die feit dat dit gedoen is, gekom tot 'n sekere konklusie, en daardie konklusie het te doen met die toekoms, en die konklusie is dit, **dat om 'n herhaling te voorkom sover dit Suid-Afrika aanbetref, van dergelike toestande wat hier geskep is deur die Britse konneksie, die Britse konneksie moet verbreek word. Daar behoort 'n groot konstitusionele verandering in die land teweeggebring te word en Suid-Afrika moet omgeskep word van 'n dominium onder die Britse kroon tot 'n vrye onafhanklike republiek. Dit is die positiewe konklusie waartoe hierdie kant van die Huis gekom het."**

### RYPE OORTUIGING

Die huidige Eerste Minister, toe leier van die opposisie, het vervolg: „Die stigting van 'n vrye onafhanklike republiek in Suid-Afrika verteenwoordig die rype oortuiging van die nasionaalgesindes in Suid-Afrika. **Dit is niks nuuts nie. Daar was in Suid-Afrika, in sy geskiedenis, ampertjies kan 'n mens sê in sy hele geskiedenis, 'n republiek."**

Met verwysing na die naoorlogse toekoms en die houding wat Ierland ingeneem het, het dr. Malan verklaar dat Ierland reeds 'n nuwe begin gemaak het deur aan die wêreld te verklaar dat hy neutraal sal bly. „As dit dan so is (dat Ierland neutraal bly) dan is daar reeds deur Ierland 'n nuwe begin gemaak in hierdie oorlog. 'n Nuwe begin, het hy gemaak wat prakties op niks anders neerkom as dat Ierland reeds is wat ons in hierdie mosie sê dat ons na streef, 'n vrye onafhanklike republiek . . . . ." **(Vandag sê dr. Malan hy is spyt dat Ierland afgeskei het.—Red.)**

### BRITSE KONNEKSIE

„Waarom kan hierdie regering ons in die oorlog sleep terwyl die kabinet en die Parlement en die volk verdeel is oor die saak? Daar is maar net een antwoord: **As gevolg van die Britse konneksie, omdat die Britse konneksie daar was".**

Voortgaande het dr. Malan sekere stellings neergelê en met betrekking tot die oplossing van ons probleme en gesê: „Ek wil hier 'n derde stelling neerlê, in verband hiermee, **en dit is solank die Britse konneksie daar is, is die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrikaanse volk, gegrond op vriendskaplike verhouding tussen die twee blanke rasse, hopeloos . . . . . Wat ons uitmekaar hou is ons relasies met die buiteland, die Britse konneksie. Ek sê dit is probeer geword om op grondslag van die Britse konneksie volkseenheid gegrond op gesonde verhoudings tussen die rasse tot stand te bring. En dit het misluk en ek sê solank die Britse konneksie daar bestaan, sal dit hopeloos wees." (Vandag handhaaf dr. Malan die Britse konneksie en is hy bereid om selfs as Suid-Afrika 'n „republiek" word daardie konneksie te handhaaf deur lid van die Empire te bly.—Red.)**

### ONSIGBARE BANDE

Mnr. Eric Louw, tans Minister van Ekonomiese Sake, het dr. Malan ondersteun en die rol van die „onsigbare bande" wat Suid-Afrika aan Brittanje bind, sonder om doekies om te draai, aangetoon:

**„Terwyl hulle (Britse staatsmanne) die mond vol het van die sogenaamde soewereine status, begin ons hoor van die onsigbare bande. Dink maar 'n bietjie terug aan die toesprake van Britse staatsmanne van dié dae. Die Agb. Eerste Minister sal onthou toe ons gedurig gehoor het van die ,invisible bonds of the Empire'.**

„Daardie bande sou gebaseer wees op ras en sentiment en taal en gemeenskaplike belange en wat dies meer sy. **Met ander woorde, terwyl ons die sogenaamde soewereine status gekry het en die indruk geskep was dat ons nou vry sou wees, was hulle besig om ons steeds nouer aan die Empire te bind."**

„Daar is besef dat iets sterker nodig was as die bande van sentiment en taal en gemeenskaplike belange en daar is 'n konferensie gehou (Ottawa-konferensie). Met watter doel? **Om 'n ekonomiese ringmuur om die Empire te bou en om ook ekonomiese bande te skep wat ons nouer en sterker aan die Empire sou bind. (Vandag roem dr. Malan hierdie bande as synde „sterker as die band van die Kroon" en hy handhaaf hulle!—Red.)**

„Maar hulle gaan verder. Hulle het besef dat by buitelandse regerings nie 'n verkeerde indruk moet geskep word omtrent die sogenaamde soewereine onafhanklike status nie. **Stadigaan word die indruk gewek in die buiteland dat die Empire 'n politieke en diplomatieke eenheid is".** (Vandag sê dr. Malan dat hy bly is om te kan sê dat die indruk in die buiteland dat die Empire besig is om ineen te stort, uitgewis is — **dus vreugde oor die politieke eenheid van die Empire!—Red.)**

### GEEN KWALIFIKASIES

Dr. T. E. Dönges, tans Minister van Binnelandse Sake, het nie sy weg oopgesien om die Britse konneksie, **met watter kwalifikasies daar ook aan gegee word,** te behou nie. Hy het onder meer gesê: „Ek ondersteun hierdie mosie van die leier van die Opposisie op drie gronde: Die eerste is dat **die stigting van 'n republiek en die verbreking van die band met Groot-Brittanje** 'n voorwaarde is wat volkseenheid moet voorafgaan. In die tweede plaas is dit die enigste manier om ons uit te hou uit onnodige oorlogskomplikasies in die toekoms, en derdens is dit die beste spoorslag tot grootheid in die betragting van daardie dinge wat nie suiwer stoflik is nie. **Die behoud van die Britse konneksie, met watter kwalifikasies oookal is histories bewys as 'n ontoereikende en ongesonde basis vir nasionale eenheid," aldus dr. Dönges in 1942.**


BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*



**KLAVIERE**

*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*




sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*

**WAPENS**



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

**R. MÜLLER (Eiens.) BPK.**

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD


# STAAN ONS NOU WEER BY 1915?

In Januarie 1942 het dr. Malan met sy volgelinge in die parlement 'n baie swaar opoffering gedoen vir 'n vrye onafhanklike republiek **wat die konneksie met die Empire sou verbreek** — hulle het naamlik 'n hele nag deur tot die oggend nege-uur oor die republiek GEPRAAT. Dr. Malan het toe 'n mosie voorgestel waarin hy gevra het dat 'n republiek uitgeroep moet word.

Ons het indertyd gewaarsku dat as hierdie mosie deur die Smutsbewind aanvaar sou word, ons 'n „Empire-republiek" sou kry. **Min het ons geweet dat dr. Malan vyf jaar later self sou pleit vir die stigting van 'n Empire-republiek waarmee die Cape Times en Argus heelhartiglik saamgaan.**

**Het ons dan in die afgelope vyf jaar gevorder op die vryheidspad? Staan ons nie maar weer by 1915 toe dr. Malan die versekering gegee het dat „Wij willen een politiek van een vrij zelfstandig Afrikaner volk onder die Britse vlag"? (Die Burger 27 Julie 1915).**

# DRANG TOT KOALISIE AL STERKER BY PARTYE

## SKEIDSLYNE BESIG TE VERDWYN

**Die mening dat dit slegs ou vooroordele en persoonlike naywer is wat verhoed dat die H.N.P. en die Verenigde Party 'n koalisie aangaan, en dat as hierdie kleiner verskille weggeskaaf word, niks die twee partye sal verhoed om 'n verbond aan te gaan nie, word tans vry algemeen in objektiewe politieke kringe gehuldig.**

Daar is veral tot hierdie gevolgtrekking gekom na dr. Malan se toespraak die afgelope week in die volksraad omdat hieruit voortvloei dat die groot verskil wat daar tussen die twee opponerende partye bestaan het, nou finaal verwyder is aangesien dr. Malan, net soos die V.P., ywer en pleit vir die behoud van die bande met die Britse Statebond. Lede van die Verenigde Party sien nou hul weg oop om die H.N.P. die hand te reik sodat die twee partye die landsvraagstukke saam kan aanpak.

Wat die Unie se buitelandse beleid betref bestaan daar nou geen verskil meer nie en oor plaaslike aangeleenthede is die verskille ook besig om weg te brokkel. Selfs ten opsigte van die naturellevraagstuk, waaroor die verkiesing geveg is, skyn daar tans weinig verskil te wees omdat dr. Malan self in die volksraad erken het dat daar geen verskil tussen die H.N.P. se „apartheid" en die V.P. se „afsondering" bestaan nie.

### BEWUSTE STREWE

**Die idee om 'n koalisie met die H.N.P. aan te gaan, is vandag by die Verenigde Party 'n doelbewuste strewe en daar is lede wat hulle openlik hiervoor beywer. So sterk is die begeerte om saam te smelt by die V.P. dat die party se swepe sy lede verbied het om dr. Malan in die volksraad aan te val oor sy ommeswaai.**

**Van die V.P.-lede was gretig om 'n groot geveg aan die gang te sit deur aan te haal uit die H.N.P. se republikeinse verlede, maar hulle is streng verbied om dit te doen.**

Dit is slegs diegene wat vir hulle geen politieke toekoms in die H.N.P.-V.P.-koalisie sien nie, wat hierdie gedagte teenstaan. Origens word daar doelbewus gepoog om 'n gees en gevoel van saamhorigheid tussen die twee partye aan te wakker.

### NOG NIE RYP

Dit is duidelik dat die H.N.P. op die oomblik nie so ryp vir hierdie gedagte is as sy opposisie-kollegas nie, maar ook by sy lede het die besef reeds deurgedring dat die verskille tussen die twee partye vandag minimaal is. Daar word dan ook verwag dat sodra die ekonomiese moeilikhede die H.N.P. begin druk, sy lede ook ryp sal word vir hierdie gedagte. Die feit dat hulle vandag voor die werklikheid staan dat die V.P. die stede beheer en hulle die platteland, sal hulle nog ryper druk vir 'n koalisie wanneer die eie ondersteuners in die stede tekens van ontevredenheid begin openbaar.

**Hierdie tekens is reeds daar onder die mynwerkers en hoewel dit tydelik gesus is, mag dit weer na vore tree.**

**Sodra die lewenskoste, wat nog steeds styg, en die uitwerking van die tekorte wat reeds bestaan en verskerp gaan word deur invoerbeheer, die gemoedere van die kiesers begin omkrap, sal die H.N.P. ryp wees om die hand te vat van sy opposisie-kollega, word verklaar.**

# Kommuniste Word „Republikeins"

**Die Kommunistiese Party in Indië het onmiddellik nadat die besluit van die Statebondskonferensie bekend geword het, waarvolgens Indië 'n skyn-republiek binne die Statebond word, homself begin voordoen as 'n republikeinse beweging wat die voorstander is van 'n republiek afgeskei van die kroon en Statebond. Hierdeur hoop hy om die steun van alle werklike republikeine wat 'n gevoel teen Brittanje koester, te verkry.**

In 'n amptelike verklaring wat in Bombaai uitgereik is, word die Indiese eerste minister wat saam met die Britse koning geëet het, uitgemaak as 'n samesweerder met die geldmag wat Indonesië, Birma en die Maleise Eilande wil verslaaf.

„Deur binne die Britse Ryk, met die etiket ‚Statebond', te bly, en die Britse koning, simbool van die oorheersing deur die Britse geldmag, as konstitusionele hoof te aanvaar, het Nehru gehoorsaamheid belowe aan die dollar-koning."

Nehru word ook beskuldig dat hy nou die betaalde agent geword het teen Rusland en die hoop word uitgespreek dat die Indiërs Nehru se standpunt sal repudieer.

### LONDEN STERK ROOIES

Deur tydelik die republikeinse mantel om te hang mag die Kommuniste meer voordeel trek uit die Statebond-kompromie as wat die eerste ministers in Londen beset het.

In Suid-Afrika het die Kommuniste ook onmiddellik begin voorgee dat hulle nog altyd republikeine was. Daarom het kommunis Sam Kahn die afgelope week in die volksraad opgestaan en verklaar dat hy wat nog altyd 'n republikein was, geskok is oor die ommeswaai van dr. Malan. Hy het die regeringslede beskuldig dat hulle nagemaakte republikeine is en verwys na die feit dat 'n republiek binne die Statebond 'n tyd gelede deur dr. E. G. Jansen, (Minister van Naturellesake) as konstitusionele bedrog beskryf is. Tans word dit aanvaar.

**Dit is vanselfsprekend dat die Kommuniste in Suid-Afrika nie dieselfde sukses met hul nuwe taktiek sal behaal as wat dit die geval in Indië sal wees nie, aangesien die republikeine hier 'n tuiste in die Ossewabrandwag het en dus nie na wolwe in skaapvelle hoef te hardloop nie.**

● ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

# Indië Is Groter Gevaar Nou Vir Die Weste

**Die groot argument wat dr. Malan en ander naprater van die Empire gebruik vir hul Londense verklaring wat Indië toegelaat het om binne die Empire te bly al noem hy homself 'n republiek, is dat Indië anders vir die Empire en veral vir Brittanje verlore sou geraak het tot groot skade van laasgenoemde. Die vraag is in hoever hierdie redenasie juis is. Ons meen dat op die lang duur dit gaan blyk dat die Londense verklaring 'n groter gevaar vir die Westerse blok gaan wees as wanneer Indië heeltemal uit die Ryk sou getree het.**

Die Britse pers het erken dat Pandit Nehru self nie so republikeins is dat hy op 'n republiek sou aangedring het nie, was dit nie dat hy die volksgevoel agter hom in aanmerking moes neem nie. **In Indië het die kommunistiese elemente aansluiting gevind by die republikeinse gevoel as 'n stok om ontevredenheid mee op te blits. Wat Nehru nou gekry het is geen republikeinse selfstandigheid soos in die geval van Ierland nie. Dit is blote bedrog en die Indiese volk gaan nie in sy geheel daarvoor val nie — daarvoor sal die kommuniste sorg, soos nou al blyk uit die Guardian se houding wat spottend praat van „Sy Majesteit se republikeine."**

**Wat gaan nou gebeur? Die republikeinse strewe in Indië gaan gekoppel raak aan Stalin se vyfde kolonne en in plaas van dat Indië behoue gaan bly vir die Empire, gaan hy in die skoot van Josef Stalin val.**

Is die Weste daarmee nader aan sy redding as wanneer Indië uit sou getree het met 'n selfstandigheidsbesef benewens sy anti-kommunistiese standpunt? Dan sou Indië selfstandig gewees het maar tewens ook anti-kommunisties en omdat hy anti-kommunisties is, sou hy kant gekies het by Amerika en die Weste. Nou egter het Stalin meer hoop om Indië se hulp te kry as wat die Empire dit op die lange duur het.

# VOLKSMOEDER HEEN WAT BAIE GEDOEN HET

Met die afsterwe van mev. A. A. Tomlinson van Bossiegeur, Swellendam, op 13 Mei verloor die Afrikanervolk 'n moeder wat steeds 'n inspirasie vir haar volk was. Afrikaner in murg en been was sy tydens die Engelse Oorlog in haar omgewing die middelpunt van Afrikanerverset en van hulp aan die inwoners van die Konsentrasiekampe. Deur veral haar optrede het sowat 40 weeskinders uit daardie tydperk in die S.W. distrikte 'n tuiste en toekoms gevind en het sy ook haar geweste op die groot protesvergadering destyds op Worcester gehou, verteenwoordig. Dieselfde het gebeur met die vroue-optog te Pretoria na die 1914 Rebellie. Vanaf die stigting van die O.B. tot haar dood was sy 'n getroue Brandwag en tussen haar en die K.G. het 'n wederkerige agting ontstaan. In alle sake wat haar land en volk betref het sy belang gestel en het net voor haar dood op 'n merkwaardige wyse aan die minderbevoorregte gedenk.

Veral was sy 'n liefhebber van die skone Swellendamse berge, velde en blommeprag, vir die bewaring waarvan sy haar uiters beywer het en veral deur haar optrede is die stigting van die Dr. Marloth-Blommereserwe tot stand gekom.

Van haar eie familie leef nog twee susters, „M. E. R.", en mev. A. van Zyl en een broer, mnr. Hendrik Rothmann, van Die Strand en al haar dertien kinders, aan wie ons opregte medelye.

# BOUBEHEER BLY

Boubeheer sal nog bly en daar kan nie op die oomblik in die vooruitsig gestel word wanneer dit opgehef of verlig sal word nie. Met die oog op die tekort aan materiaal en arbeid kan daar voorlopig geen sprake van opheffing wees nie, het die Minister van Openbare Werke aangekondig.


PROBEER DIT!
VIR OË-TOETS

✚ ● ◻

**Kyk hoe verdwyn hulle!**

**Het u geweet dat ons almal 'n blinde kol het? Maak u linkeroog toe. Hou hierdie advertensie 'n voet of twee van u regteroog af en beweeg dit langsaam nader, met u blik steeds op die kruis. Die vierkant sal verdwyn, dan sal dit weer verskyn en die stippeltjie sal verdwyn, sodra hulle u blinde kol bereik!**

... VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuif intrek nie, maar blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuif, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagte, geurige rokie u van Kommando kry.




U OË MAG U BEDRIEG—MAAR U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK

Kommando
Die Vriendelike Sigaret
10s, 20s, 50s, met of sonder kurk.
G1.3001





WEES BESKERM!
BRAND-Assuransie by—
•SANTAM•
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

DIE O.B., WOENSDAG, 18 MEI 1949

# LANK LEWE JOSEPH CHAMBERLAIN!

Indien Joseph Chamberlain, die veroweraar van die Boere-republieke en aartsvyand van Paul Kruger, verlede Woensdag in die volksraad gesit het toe dr. D. F. Malan sy „New Look"-republikanisme verkondig het, sou hy — indien die reëls van die Britse parlementarisme dit sou toelaat — hande geklap het totdat sy palms rooier was as die Britse Empire. **Joseph Chamberlain sou dit beskou het as die voleinding van sy ideaal van republikanisme binne die Britse Empire veral toe dr. Malan plegtiglik beklemtoon het dat daar vandag oor een saak eenstemmigheid in Suid-Afrika bestaan — „en dit is dat Suid-Afrika in die Statebond wil bly."**

Joseph Chamberlain wat twintig jaar lank teen die onversetlike wil van 'n Paul Kruger en sy volk geveg het vir die insluiting binne die Britse Empire van die Boere-republiek met sy republikeinse staatsvorm en al, maar dit uiteindelik alleen kon regkry oor die lyke van 27,000 vroue en kinders toe ook die naam van die republiek oorbodiglik vervang is deur iets anders, hierdie Joseph Chamberlain sou verlede week die toespraak van dr. Malan sonder een enkele voorbehoud toegejuig het as die afronding van sy imperialistiese lewenstaak soos hy dit in 1903 gestel het toe hy gepleit het vir **„'n VENNOOTSKAP met die GROEIENDE kolonies, sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie."**

## GERED VAN VERBROKKELING

**Hoe trots en dankbaar sou Joseph Chamberlain nie gewees het by die aanhoor van dr. Malan se versekering dat die verbrokkeling van die Britse Ryk nou verhoed is deur die Londense verklaring en dat „die indruk van verbrokkeling — die gedagte dat die Statebond nie meer as magsfaktor kan geld nie — (nou) uitgewis" is!**

Ja, Joseph Chamberlain kan rustig slaap in sy graf. Die lastige stem van 27,000 vroue en kinders wat hom altyd toegeroep het dat „die stryd wat ons vaders begin het, sal woed tot ons sterf of oorwin het", **daardie stem word nou oordonder deur die „nuwe klank" van 'n „nasionale party" in Suid-Afrika, die klank naamlik dat die Britse Empire berus op die „gevoel van saamhorigheid" en dat Suid-Afrika nie van voorneme is om daaruit te tree soos Ierland gedoen het nie, ja selfs dat die hoop uitgespreek word dat Ierland sal terugkeer na Chamberlain se „Vennootskap" met hul „lojale harte en sterke regterhande."**

## SLAAP RUSTIG

„Slaap rustig dappere helde" sal nie meer gesing word oor die grafte van gesneuwelde republikeinse burgers nie, maar dit kan nou in volle bors aangehef word oor die graf van Joseph Chamberlain. **Hierdie held van die Empire kan maar rustig slaap, want sy „groeiende kolonies" het nou geword „lojale vennote" en die man wat as 'n republikeinse leier in Suid-Afrika deurgegaan het is nou die man wat aan sy republikeinse volk sê dat die Londense verklaring noodsaaklik was aangesien sonder dit Indië vir die Britse Ryk „verlore" sou gegaan het, „wat vir sommige lede van die Statebond, VERAL VIR BRITTANJE, ernstige skade op handelsgebied sou beteken het."**

Die Empire is gered, Joseph Chamberlain se ideale is verwesenlik en 'n „nasionale" Eerste Minister is vandag die pleitbesorger vir die voortbestaan van die Britse Ryk — **'n man wat sy optrede in Londen voor sy volk probeer regverdig met die pleidooi dat die Britse Ryk anders sou verbrokkel het, maar dat „die indruk van ineenstorting (nou) uitgewis is."**

## 22 JAAR AGTERUIT

En laat ons dr. Malan se Empire-toespraak maar afrond met sy eie woorde van 22 jaar gelede — en dan vergeet ons geriefshalwe dat hy van 1935 tot 1947 die verbreking van die Britse konneksie bepleit het:

> „Die vryheid wat ons vandag besit is groter as die vryheid wat die gewese Republieke van die Vrystaat en Transvaal besit het. **Om daardie rede sê ons ook vandag dat daar 'n end in Suid-Afrika gekom het aan wat die afskeidingsbeweging genoem is . . . Hollandssprekende Suid-Afrika wat tevore nie in die Britse vryheid geglo het nie, glo vandag daarin as 'n werklikheid."** (Die Volksblad, 6 Oktober 1927.)

Maar laat ons volstaan met hierdie vraag: **Waarom al die bitterheid en opsweping — ook met „republikeinse stryd-fondse" — tot „afskeiding van die Britse Ryk" gedurende die jare 1935-1947 as ons nou maar weer terug is by 1927?**

**Waarom moes genl. Hertzog net soos Paul Kruger sterf as 'n feitlike banneling in eensaamheid omdat hy VALSELIK beskinder was dat hy 'n „Republiek binne die Empire" wou stig?**

**Gaan dit by sommige mense dan werklik nie om ideale nie, maar net om posisies?**

# Wisselende Gang Van Politieke Partye In Engeland

**Die Britse Arbeidersparty van Attlee wat in 1945 'n groot oorwinning oor al die ander partye behaal het nadat die oorlogstydse koalisie onder Churchill ontbind is, het nou reeds aansienlik grond verloor omdat die kiesers reeds weer ontevrede is met hul keuse aangesien die Arbeiders onder die druk van omstandighede nie in staat was om aan al hul verkiesingsbeloftes te voldoen nie.**

**Politieke waarnemers meen dat 'n verkiesing op hierdie stadium die Arbeiders in groot gevaar sal stel omdat baie van diegene wat Attlee in 1945 ondersteun het, die oorlogsperd, Churchill, weer 'n kans wil gee.**

Die politieke verdeling in Brittanje is so oud soos die Britse geskiedenis self en is vandaar oorgeplant na die gebiede wat onder Britse hiel geplaas is, ook in Suid-Afrika.

Die geskiedenis van die Konserwatiewe Party (die Tories van Churchill) en dié van die Liberaliste (die Whigs) dateer uit die sewentiende eeu terwyl die Arbeiders 'n prodluk van die laat negentiende eeu is. Eersgenoemde twee spruit voort uit die strydvraag of die parlement of die koning die soewereiniteit oor die volk moet besit. Tories en Whigs was aanvanklik skeldname vir die twee partye.

### HELE VOLK VERDEEL

**Die skeidslyn tussen die twee partye het nie net tot op politieke terrein beperk gebly nie maar is ook uitgebrei tot maatskaplike, kerklike en godsdienstige terrein.** Die Liberales het gestaan by die soewereiniteit van die parlement en in hul strewe het hulle geseëvier na die rewolusie van 1688 toe Jakobus II van die troon gejaag is en Willem III op die troon geplaas is en bereid was om die gesag van die parlement te aanvaar.

Die Liberale Party het hoofsaaklik bestaan uit die handelslui en stedelinge. Op Godsdienstige gebied het die meeste Liberales aan die Presbiteriaanse Kerk behoort. Hierdie kerk het 'n sterk Calvinistiese inslag gehad en die Liberales was veral gekant teen Rome.

Die Konserwatiewes (Tories) het veral die soewereiniteit van die koning aangehang. Hulle was gekant teen die opkoms van die parlement en was ondersteuners van Karel II. Na die rewolusie van 1688 het hulle hul egter daarby neergelê dat die parlement die soewereine liggaam moet wees. Hulle was meesal mense van die platteland en was lede van die Anglikaanse kerk.

### VERBROKKELING WORD TRADISIE

**Die stryd tussen die twee partye het dwarsdeur die 18e eeu aangehou, maar teen die einde van die eeu het die verskille tussen die twee weggebrokkel en was dit slegs bloot 'n tradisie om aan die verskillende partye te behoort.**

Verdeeldheid moet noodwendig ook stryd bring, soos in ons eie land nou ten opsigte van C.N.O., en aan die begin van die 19e eeu ontbrand daar opnuut 'n stryd tussen die twee partye, naamlik oor die verhouding tussen die staat en die individu.

Die vernaamste leiers van die Konserwatiewes was manne soos lord Derby, Disraeli, lord Salisbury, Joseph Chamberlain, lord Balfour en nou Churchill.

Van die bekendste leiers van die Liberaliste is lord Palmerton en Gladstone.

### IMPERIALISTE

Die eintlike draer van die Imperialistiese gedagte was die Konserwatiewe Party en sedert 1870 was die groot strydpunt tussen die twee partye juis die imperialistiese uitbreiding.

Die Arbeiders met hul sosialistiese hervormingsbeloftes het eintlik eers aan die begin van hierdie eeu na vore gekom. Met elke verkiesing het die party veld gewen. Die leier van hierdie beweging is Ramsey MacDonald.

**In tye van krisis is partyregerings onbekwaam om te red en gevolglik is kort nadat die oorlog in 1914 begin het, deur die twee groot partye 'n koalisie aangegaan wat tot 1922 geduur het.** Met die verkiesing wat daarna plaasgevind het, het die Arbeiders sterker uitgekom as die Liberale Party. In 1924 het die Liberale Party 'n geweldige neerlaag gely en het sedertdien as politieke faktor verdwyn.

### WEER KOALISIE

By die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die Konserwatiewe Party en Arbeidersparty weer 'n koalisie gesluit en aan die einde van die oorlog is eersgenoemdes verslaan.

Deesdae verneem mens eintlik maar net van die Arbeiders en die Konserwatiewes en dit wil voorkom asof die Konserwatiewe Party se kanse baie goed is om die land aanstaande jaar weer te regeer, tensy iets groots voor die tyd gebeur.

Die parlementêre geskiedenis van Engeland het getoon dat die gemiddelde leeftyd van 'n party-bewind oor 'n tydperk van veertig jaar nie meer as vier jaar was nie. Die Arbeiders sal dus blykbaar net daarin slaag om die handbreedte te oorlewe.

# Vryheidstryd Van Jode Wen Britse Welwillendheid

**Die mening dat die Jode se stryd om hul vryheid in Palestina — selfs teen die Britte — die uitwerking gehad het dat die anti-Joodse gevoel in Brittanje afgeneem het, en dat dit nou raadsaam is om Israel as 'n bondgenoot in te skakel, is in 'n persoonderhoud uitgespreek deur die bekende Britse militêre deskundige, kaptein Liddell Hart. As sy waarneming juis is, is dit 'n onderstreping van die waarheid wat ook deur die O.B. geglo word dat welwillendheid van die Engelse eerder gewen sal word deur 'n manlike stryd om vryheid en reg as 'n papbroekige „versoening" wat niks anders as 'n toegewing aan Britse belange is nie.**

Kaptein Liddell Hart het gesê dat Israel getoon het dat hy 'n volk is met goeie vegvermoë en militêre ondervinding en dat dit hom aanmerk as 'n kragtige flank in die Midde-Ooste.

„Dit is dwaas om nie die beste gebruik van hierdie feit te maak nie. Brittanje kan hom gelukkig ag dat hy in Israel 'n moontlike bondgenoot het," het hy gesê.

Met verwysing na die anti-Joodse gevoel in Brittanje het Hart gesê: „Hitler se invloed is nog sterk — Britse Jode, vrees ek, is nie bewus hoe sterk nie, maar in stryd met die algemene opvatting is ek van mening dat anti-semitisme teruggesak het van die hoogwatermerk van die latere dertiger jare. **Ek glo dat die dappere stryd van die Jode in Palestina veel eerder die krag uit anti-Semitisme geneem het as wat dit die vlam aangeblaas het."**

### MOET TERUGKEER

Ook in verskeie Engelse koerante is onlangs die hoop uitgespreek dat Israel nou weer tot die Britse skoot sal terugkeer — nou dat daar 'n formule gevind is waardeur hy „'n vrye republiek" kan wees binne die Empire.

Ten opsigte van Ierland word dieselfde houding ingeneem. **Ierland het 'n wet aangeneem waarin hy die Britse kroon en Ryk verwerp, en van Engelse kant is hom nie net alle goeie wense op sy nuwe vryheidspad toegestuur nie, maar die Britse parlement het 'n wet aangeneem waarin spesiale voorregte aan Ierse burgers binne Britse gebied toegesê word. Hulle sal nie soos vreemdelinge behandel word nie.**

# Kan Goud Teen Premie Verkoop

Die Internasionale Geldfonds het, na samesprekings deur die voorsitter met mnr. N. C. Havenga, die Unie se Minister van Finansies, ingewillig dat die Unie, onderhewig aan sekere bepalings, goud teen 'n premie aan fabrikante mag verkoop.

## UNIE-TYDTAFEL

**Dit word vir algemene inligting bekend gemaak dat 'n nuwe Unie-Tydtafel vanaf Maandag, 6 Junie 1949, in werking sal tree en binnekort by Spoorweg Boekwinkels te koop aangebied sal word.**

**Aandag word spesiaal gevestig op veranderings in die treindienste tussen:**

**Johannesburg en Kaapstad.**
**Johannesburg en Port Elizabeth.**
**Johannesburg en Oos-Londen.**
**Johannesburg en Mosselbaai.**

**en tot 'n mindere mate op ander trajekte. Moontlike passasiers word aangeraai om hulle plaaslike stasiemeester of die Publisiteits- en Reisafdeling te raadpleeg alvorens reise oor lang afstande te onderneem.**

**W. M. CLARK,**
**Hoofbestuurder.**

# DR. MALAN SPOG MET EENHEID VAN BRITSE EMPIRE

**„Suid-Afrika wil in alle omstandighede binne die Statebond bly, selfs al word hy 'n republiek — die Londense konferensie het 'n gevoel van saamhorigheid geopenbaar wat verrassend was — dit het ook die toets van Statebondsaamhorigheid deurstaan — die besluit dat Indië binne die Statebond kan bly het voorkom dat Brittanje groot handelsverliese ly deurdat hy die bindende bande van die Statebond steeds losser gemaak het, het die Statebond dit nog altyd reg gekry om beslag te lê op die gees." So het dr. D. F. Malan die afgelope week die Statebond en die uitslag van die Londense samesprekings aangeprys toe hy die volksraad ingelig het.**

Dr. Malan het verklaar dat die Statebondskonferensie in Londen 'n nuwe mylpaal in die geskiedenis van die Statebond is. By die besprekings moes alle pogings om Indië te oorreed om van sy voorneme om 'n republiek te word afgesien word omdat die leiers van Indië onherroeplik gekompromiteer was by hul volk. Die status van Ierland, naamlik 'n ooreenkomsgrondslag buite die Ryk was in die geval van Indië ook onmoontlik omdat hy uitdruklik versoek het om in die Statebond te bly.

Spr. het gesê dat die standpunt wat hy in Londen ingeneem het dieselfde was wat hy in sy senaatstoespraak ingeneem het naamlik dat **Suid-Afrika nie die kring van die Susterlande waaruit die Statebond bestaan sal verlaat solank die karakter van die Statebond nie verander en die onafhanklikheid van lede-lande nie aangetas word nie.**

### SKADE VIR BRITTANJE

**Aan Indië kon nie nee gesê word om op sy ingeslane weg voort te gaan nie omdat „die implikasies daarvan sou gewees het dat die Statebond nie alleen Indië nie, maar moontlik ook ander lande kon verloor het. In elk geval sou die Statebond Indië se goeie gesindheid verloor het, wat vir sommige lede van die Statebond, veral vir Brittanje ernstige skade op handelsgebied sou beteken het."** Indië sou ook moontlik vriende buite die Statebond gaan soek het — moontlik in Asië.

Daar was 'n verdere oorweging waarmee rekening gehou moes word: die posisie van die Statebond as 'n magsfaktor in die wêreld. Dele van die Statebond o.m. Ierland en Birma, het reeds afgebrokkel, terwyl Indië te kenne gegee het dat hy 'n republiek wil word.

### VERBROKKELING VAN RYK GESTUIT

**„Dit het die indruk van verbrokkeling in die wêreld versterk, die gedagte dat die Statebond nie meer as 'n magsfaktor kan geld in 'n wêreld waarin oorlog weens Russiese agressie dreig nie. Deur aan Indië se versoek te voldoen, is die indruk van ineenstorting uitgewis."**

Die feit dat Indië 'n republiek binne die Statebond kan word, maak dat die grondslag waarop die Statebond rus, verbreed moes word. „Dit het ook beteken dat die posisie van die kroon verander het. Indië het die verband met die kroon verbreek, maar die ander lede van die Statebond nie. **Die posisie van die kroon moes dus duidelik gestel word. Die posisie in die Statebond is dus dat die Koning deel het in die regering van al die lede van die Statebond, behalwe Indië"**

### MOREEL GEBONDE

Die lede behou hulle vryhede en is selfs nie aan die besluite van die Statebondskonferensie gebind nie, **hoewel hulle moreel tot raadpleging en samewerking gebind is.**

**Die Statebondskonferensie het 'n gevoel van saamhorigheid geopenbaar wat nie in die buitewêreld verwag is nie en wat selfs lede van die Statebond verras het. Die Londense konferensie was 'n toets vir Statebondsaamhorigheid en hy het die toets deurstaan, het dr. Malan verklaar.**

### BRITSE STELSEL

Hoe sterk die saamhorigheid is blyk daaruit dat hoewel Indië 'n republiek word, hy nogtans nie uit die Statebond wil tree nie en **sy grondwet tot groot hoogte op die Britse en Suid-Afrikaanse lees skoei.**

Spr. wonder as dieselfde weg teenoor Ierland ingeslaan was of hy nou buite die Statebond sou gewees het.

Hierdie saamhorigheid spruit **uit gemeenskaplike belange; 'n gemeenskaplike uitkyk op staatkundige gebied, die standpunt** teenoor die Kommunisme; die gevoel dat die lede in die verlede bymekaar was en nog bymekaar wil bly, en uiteindelik omdat die Statebond getoon het dat hy oor aanpassingsvermoë beskik.

### BESLAG OP DIE GEES

**Spr. het gesê dat as die Statebond 'n organisasie en nie 'n organisme was nie, as daar onbuigsaamheid was, dit lankal ten onder sou gegaan het. Deurdat hy die bindende bande steeds losser gemaak het, het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees.**

**Die band van gemeenskaplike trou aan die Kroon beskou spr. nie die belangrikste band nie. Daar is in die Statebond nie net een band nie — die van gemeenskaplike trou — maar ander en sterker bande as dié van koningskap.**

### RYKSEENHEID BEVORDER

„Wat die konstitusionele posisie van die Unie betref, is ons nader na mekaar gebring, al is daar sommige wat republikeine is en ander wat van hulle verskil. **Ons is dit egter almal met mekaar eens dat ons almal ons vryheid en selfbeskikkingsreg wil behou en ons wil in die Statebond bly.** As daar vandag oorlog tussen die demokratiese en die Kommunistiese lande uitbreek sal Suid-Afrika nie neutraal kan bly nie. Met vorige wêreldoorloë was die land verdeel.

„Maar op die huidige tydstip is daar groter geleentheid vir eenheid en op een punt is ons dit met mekaar eens: **Dat ons in alle omstandighede binne die Statebond wil bly". Spr. het gesê dat hy hoop dat hierdie gesindheid beskou mag word as 'n belangrike bydrae tot Statebondseenheid en groter eenheid in Suid-Afrika.**

# S.A. HET NOU 'N OPPERHOOF GEKRY

**„Republikein" skryf:**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

In die besluit van die eerste ministers van die Britse Statebond staan o.a. dat Indië en die ander lede van genoemde Statebond die Koning as „hoof" van die Statebond erken. Met ander woorde al sou al die ander dominiums ook republieke word „binne die Stataebond" bly daar net soos nou 'n hoof, bokant die Presidente, al word geen eed van getrouheid aan sodanige hoof deur die Presidente gesweer nie. Bindend is die gesamentlike besluit van erkenning van die Britse Koning as „hoof" van almal wat binne die Statebond bly.

Hierdie besluit vervang die noodsaaklikheid van verdragsluiting en is dus net so bindend vir die nakoming van watter verpligtinge 'n lid van die Statebond teenoor die ander ookal mag hê (as lid van die Statebond). Dit vervang wel die noodsaaklikheid van die eed van trou maar lê tog die verpligting van die erkenning van die Koning as „hoof" van die Statebond vas. Vir my is dit duidelik dat as een van die Statebondslede sy lidmaatskap sou verbreek en die ander daarmee nie saamstem nie, dit 'n verbreking van ooreenkoms is met die gevolge wat daaruit voortspruit. En enige verbreking van ooreenkoms tussen state stel voor verbreking van sulke betrekkinge as wat die ooreenkoms mag impliseer. Die punt is dus dat 'n lid dan alleen met die toestemming van die ander en die hoof kan uittree, anders waarvoor is daar 'n hoof? Wat werklik deur die Konferensie bereik is, is nie meer vryheid vir sy lede nie, maar die daarstelling van 'n opperhoof, 'n hoof oor die staat of state wat verkies om 'n republiek te word kragtens die ooreenkoms.

**Dit is die begin van die ontplooiing van 'n supermag wat daar nie voorheen was nie.**

Die ooreenkoms mag wel die pad na 'n Republiek „makliker" maak, soos beweer word, **maar dit is na 'n Republiek gebonde onder die hoof van die Statebond aan die ander, dus nie na 'n vry soewereine republiek nie. Dit is die „Britse Republiek" waarvan dr. Malan hulle genl. Hertzog beskuldig het. Dit is die skepping v..n 'n soort Empaaier-Republiek, een wat saam met ander state, selfs sommige wat van laer status is, een gemeenskaplike hoof, BOKANT 'n eie hoof, erken.**

Geen wonder dat imperialiste juig nie. Die Empaaier se oktopus-arms is langer gemaak om in te sluit wat hy nooit kon

(vervolg op bladsy 6 kol. 4)

# ,S.A. SAL BINNE BLY IN ALLE OMSTANDIGHEDE'

Dr. Malan is deur die Opposisie hartlik toegejuig.

### SAL BINNE BLY

**Toe hy op die debat geantwoord het, het dr. Malan bostaande toespraak aangevul deur te verklaar dat solank daar geen struikelblokke gelê word in die pad van vryheid en die reg om 'n republiek te word nie, hy geen beswaar het om te sê nie, DAT OOK AS ONS 'N REPUBLIEK IS, ons lid van die Statebond sal bly. „Solank dit die geval is het ek geen beswaar om by die lede van die Statebond te bly in 'n gemeenskap wat mekaar sal raadpleeg oor die gemeenskaplike sake nie en sover as Suid-Afrika se belange ons daartoe lei, ook met hulle saam te werk."**

In verband met die party se republikeinse beleid het dr. Malan beklemtoon dat selfs hierdie verwaterde republiek binne die Empire nie deur die Nasionale Party in die lewe geroep sal word tensy daar volkome sekerheid is dat die meerderheid van die stemgeregtigdes in hierdie land ten gunste daarvan is nie.

## Veldkte. Oorlede

Die Ossewabrandwag van Kanoneiland het 'n gevoelige verlies gely deur die heengaan



van veldkornette R. Steenkamp (Ralie). Sedert die ontstaan van die Beweging was sy 'n getroue lid. Met haar kenmerkende ywer en getrouheid het sy elke moeilike taak wat op haar skouers gelê is, met 'n glimlag voltooi.

Sy was die afgelope vyf maande bedlêend en het 'n baie swaar siekbed gehad. Op 20 April is sy sag oorlede.


Die kommando van Kanoneiland (A15a3) wil graag 'n woord van dank rig aan die geneesheer en sy gade vir sy tere en getroue behandeling. Die agterblywendes kan verseker wees van die kommando se innige meegevoel. — W. J. COETZEE.


Kotzé

Het nou so pas sy groot verskeidenheid winterstowwe uitgepak, en nooi sy ondersteuners vriendelik uit om dit te kom besigtig.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

„HUISE" . . .



**ALBEI IS „HUISE"**—'n dak oor die kop, en vier mure om die weer buite te hou. Albei beantwoord aan die hoofdoel van beskutting. Maar wat 'n verskil in gerief en gemak!

So ook met Lewensassuransie. 'n Klein polis is ook „assuransie"—goeie, gesonde dekking. Maar, net so min as wat die man wat darem in redelike gerief wil woon, hom tevrede kan stel met die kleinste en goedkoopste ou huisie, net so weinig kan hy geldelike versorgdheid vir homself en sy gesin verskaf deur te wil klaarkom met sommer net „'n polis"—en te dikwels vir maar 'n déëltjie van die bedrag wat werklik nodig is!

★ Maak SEKER dat daar *werklik genoeg* assuransie vir u gesin se behoeftes of vir u eie oudag sal wees

deur

nog 'n SANLAM-Polis!

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —

HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

9725-1

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### VERLOWING

**BURGER—BURGER.**—Hiermee wens ons tweetjies Regina, oudste dogter van mnr. en mev. S. J. Burger van Bloemfontein (vroeër van Bultfontein) en Nico, vierde seun van mnr. en mev. N. D. L. Burger, Rooldam, Brandvlei, K.P., aan familie, vriende(inne) bekend te maak dat ons op 26 Maart verloof geraak het. 18/5/1B.

### DOODBERIG

**TOMLINSON, ALETTA AMELIA** (gebore Rothman-Lindenberg) oorlede aan haar woning Bossiegeur, Swellendam, in die ouderdom van byna 83 jare. Diep betreur deur haar 13 kinders, susters en broer. Namens die familielede—Gordon Tomlinson. 18/5/1B.

### AANDAG! AANDAG!

Ondersteuning asseblief! Advertensie O.B. 4 Mei Stopmasjientjie. Glifto word as volg gebruik: 1 Eetlepel van vloeistof gemeng 1 pint water. Ter gelykertyd ontsmettingsmiddel. Bestel Glifto Spuit en spuit dit op voorwerp wat u wil skoon hê. Prys van spuit 17/6. Spesiale afslag aan handelaars. — **J. F. Stemmet,** Kloofhuis, Knysna. 18/5/1.

### ALGEMEEN

**AANDAG!** Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage.

Adresseer u produkte $\frac{B}{UTH}$ en wees verseker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — **U. S. Bellingan.** 9/3/49 TK

### BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P. T.K.

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### GENEESMIDDELS

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. —Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREW SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

### MEDISYNE

**BLY JONK.** Gryshaarwonder verras die wêreld. Herstel gryshare tot natuurlike kleur, verwyder skilfers, ens., of geld terug. Geen kleurstof. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 3) 2/3/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### TE KOOP

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

### SAAD

Goewermentsgesertifiseerde groentesaad: Chantenay wortel 6/6, Detroit en Egiptiese Plat Beet 7/6 posvry. Greenfeast Saaderte (handuitgesoek) 1/- lb. £6 10s. 200 lb. sak. Harricot bone £4 10s. v.o.s. Oudtshoorn. **Kango Saadkwekers,** Posbus 107, Oudtshoorn. 18/5/TK.

### GEVRA

**LIGTE MOLWAENTJIE** op motorbande geskik vir twee perde. Besonderhede en prys gelewer naaste spoorwegstasie aan: **C. D. Gerneke,** Helena, P.S. Keervlei, **Vryburg.** 11/5/2B.

# Waarom die Stryd?

(Vervolg van bladsy 2)

**nog nie oud-republikeine geword het nie . . . . en ook nie voornemens is nie.**

Maar waaroor het die sware stryd in die Afrikanerdom in die jongste jare gegaan, mnr. die Redakteur, as die doel slegs was om die bande van die Gemenebes hegter te snoer, en as een van die middels tot daardie doel was om met mede-republikeine nie „on speaking terms" te geraak nie?

Ons minder ingeligtes (of meer goedgelowiges?) het gemeen dat die stryd gaan oor die verkryging van 'n Republikeinse Orde vir Suid-Afrika, afgeskei van die Britse Kroon en wat dies meer sy. Soos adv. Eric Louw dit destyds in 'n pamflet aangetoon het met die pittige titel „Ierland toon die Weg aan!"

**Goed; Ierland is 'n republiek en afgeskei van die Kroon alhoewel heeltemal vriendskaplik teenoor die Gemenebes. Maar nou? Is dit nog Ierland wat die weg aantoon . . . . of is dit Indië en Pandit Nehroe?**

## Meerderheid In Senaat

Die regering het nou 23 lede en die opposisie 21 lede in die senaat as gevolg van die feit dat die regering verlede week 'n ondersteuner bygekry het. Hy is mnr. P. W. Joynt wat in die plek van sen. J. M. Brink wat bedank het, gekies is. Voor die uittrede van mnr. Brink het elke kant 22 lede gehad.

**VERVOERDIENS**

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**P A R O W**

**WAPENS EN AMMUNISIE**

**van alle soorte**

Groot voorraad .22-Gewere

★

**Manie de Villiers,**

**Plaza-Toiletsalon,**

**Voortrekkerweg 102A - PAROW**

**Telefoon 98-9161**

28/8/TK

**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk.**

**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

A.V.B.O.B.

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**

**154 Takke**

*Pragtige Modelle*

**in Winteruitrusting**

**BY**

Steyns

**Die Modewinkel**

**PAROW**

# Die Nuwe Gevangeniswese

*(Na aanleiding van die hoofartikel van „Die Burger" van 11 Mei 1949)*

### DEUR OPPERBEWAARDER

**Onderstaande is 'n parodie op 'n hoofartikel van Die Burger verlede Woensdagoggend wat die weg moes voorberei vir dr. Malan se Empire-beleid wat die middag aangekondig sou word. Die bedoeling daarvan was blykbaar om die republikeine so te verwar dat hulle nie meer sou weet of daar 'n Britse Ryk is of nie. Na die lees daarvan het dit die indruk gelaat van die dier in die profesie van wie gesê word dat hy is maar ook nie is nie.**

**Daarbenewens dui dit aan hoe gek dit is om van vryheid en republieke te praat solank jy binne die Britse Empire wil bly.**

Dit word verneem dat die regering ter viering van die totstandkoming van die Nuwe Statebond 'n vorm van amnestie gaan toestaan aan al die bandiete. Dit sal bestaan uit 'n revolusionêre verandering in die gevangeniswese en maak die deur oop vir verdere belangrike ontwikkeling.

Daar sal nou heeltemal weggedoen word met die begrip „tronk". In die plek daarvan kom 'n totaal nuwe begrip, naamlik dié van 'n „Bandietebond", naamlik 'n vrye assosiasie van onafhanklike bandiete.

Aan die posisie van die Tronkmuur word daar natuurlik niks verander nie vir die bandiete wat dit nog as 'n muur erken nie. Teenoor die Bandietebond egter word sy posisie radikaal verander. Voortaan is die Tronkmuur, wat die Bandietebond betref, slegs „die simbool van die vrye assosiasie van die Bandietebond se onafhanklike lede-bandiete".

### NIKS NUUTS

En hierdeur word niks nuuts geskep nie; dit is net maar 'n juiste beskrywing van die posisie van hierdie bandiete, van wie nie meer gesê kan word dat hulle binne die Tronk is nie, maar eenvoudig dat hulle „verenig bly as vrye en gelyke lede van die Bandietebond".

Die besluit skep 'n toestand wat in sommige opsigte heeltemal nuut is. In soverre kan dit dan ook as „revolusionêr" beskryf word, maar aan die ander kant is hierdie nuwe toestand 'n logiese uitvloeisel van die grondkenmerk van die Bandietebond, naamlik 'n vrye assosiasie van onafhanklike bandiete.

Die regering het met hierdie vraag te doen gekry: Kan 'n lid van die Bandietebond homself „meneer" noem, sy agting vir die Tronkmuur opsê, en darem lid van die Bandietebond bly? Of moet 'n bandiet om lid te mag bly noodgedwonge die Tronkmuur as sy Tronkmuur erken en agting daarvoor verskuldig bly?

### RADIKAAL VERANDER

In hierdie proses van ontwikkeling wat tans so 'n groot sprong vooruit maak, word die posisie van die Tronkmuur radikaal verander. Gemeenskaplike agting vir die Tronkmuur is tot nou die uiterlike band gewees wat die bandiete saamgebind het; in hierdie opsig is die Tronkmuur die „sentrale kenmerk" van die Bandietebond. Nou sal daardie band, daardie kenmerk verdwyn; ten minste een lid staan heeltemal los van die Tronkmuur en bly tog 'n gelykwaardige bandiet. Dit toon maar net hoe min die Tronkmuur 'n essensiële element in die wese van die Bandietebond uitmaak.

Hierdie laasgenoemde erkenning is van groot belang. Dit maak die pad oop vir verdere moontlike ontwikkelings van ingrypende aard. Die bandiete bly vryelik geassosieer solank as gemeenskaplike belange en ideale of strewe hulle bymekaar hou. En of die bandiete nou eerste oortreders is of gewoonte misdadigers sal aan hulle lidmaatskap nou geen die minste verskil maak nie.

Vir Sid Afrikus, vir wie die tronkmuur alles behalwe 'n saambindende tronkmuur was of is, is hierdie nuwe ontwikkeling van groot betekenis. Dit sal, hoop ons, die dag verhaas waarop ook hy die volgende stap ooreenkomstig sy begeertes sal kan neem. Hierdie stap sal wees dat ook Sid Afrikus, hoewel lid van die Bandietebond, homself „Meneer" sal kan noem.

# SOOS ONS LESERS DIT SIEN

*(vervolg van bladsy 5)*

insluit nie, state met eie presidente.

Dit mag konstitusionele ontwikkeling heet, maar dit is seer seker nie konstitusionele vordering nie. As daar ooit 'n tyd was dat 'n agitasie vir 'n vry soewereine republiek aangebreek het, dan is dit nou. Die Afrikanervolk moet van onder af wakker geskud word vir die feit dat ons, wat soewereine vryheid betref, nederwaarts gegly het, want daar is nie soos 'n maand gelede net een stap nodig vir die vervanging van die Koning deur 'n President nie, **maar nog 'n verdere nl. om die President los te kry van die aanvaarde Statebondshoof.** Die konstitusionele eenheid van die Empaaier is nou met twee knope gebind wat Suid-Afrika betref, nl. eers deur die gemeenskaplike koning en tweedens bokant hom deur 'n gemeenskaplike „hoof van die Statebond". En so konstitueer die Ooreenkoms 'n gesag met seggenskap van die Statebond onder 'n hoof, dus wesentlik 'n **superstaat.**

Laat ons nie mislei word nie. Ons het nie gevorder in die rigting van 'n soewereine republiek nie. Inteendeel. Ons is vaster aan bande gelê en aan bande wat daar nie was of erken was nie. Ons sal nou ook vir Indië, Pakistan, ens., verlof moet vra (1) as ons ook 'n Republiek soos eersgenoemde wil word en (2) as ons daarna buite die Statebond 'n republiek wil stig. Die Statebondsvergadering het nie alleen ooreengekom hoe te werk gegaan moet word nie, maar het 'n presedent geskep deur Indië se besluit as 'n aansoek te behandel. Suid-Afrika sal dus van Indië, Brittanje en die res verlof moet gaan vra en nie self stig soos dit 'n soewereine staat betaam nie. Dit is die nuwe gedaante van demokrasie!

Wie tog gaan die taak op hom neem om die volk met sy partyvooroordele wakker te skud en te oortuig van die noodsaaklikheid van 'n agitasie vir 'n Christelik-Nasionale Republiek buite die Empaaier? Hierdie oortuigingswerk sal sterk partyverskansings moet afbreek om die oor van die volk te kry.

Daar is die taak. Maar daar is die Ossewabrandwag wat vir die taak aangewys is. Laat die leiers en brandwagte moed skep en 'opsaal! Daar is hul geleentheid om die nut van 'n volksbeweging bokant party-politieke opportunisme te bewys. Komaan! Nou is daar werk.

# BRITTE WIL IERLAND VERDEELD HOU

Die Ierse Dail (parlement) het eenparig 'n mosie aangeneem waarin beswaar aangeteken word teen die aanname van 'n wet in die Britse parlement waarin daar grondwetlike en territoriale versekerings aan Noord-Ierland gegee word. Ierland verklaar in die mosie dat Brittanje nou sy „besetting van Noord-Ierland" moet ophef. Daarby word gevoeg dat hierdie wet van die Britse parlement ten doel het om die verdeling tussen Ierland en Noord-Ierland te bestendig.

Die mosie is ingedien deur die eerste minister, Costello, en is gesekondeer deur die leier van die opposisie, De Valera.

# Wat Malan Vir Nehru Gesê Het

Die informele samesprekings tussen dr. Malan en Nehru in Londen het, volgens die mening van die Eerste Minister, aanleiding gegee dat Nehru 'n goeie gesindheid teenoor Suid-Afrika ontwikkel het. Die tyd was egter kort vir samesprekings maar dr. Malan het Nehru gewys op die onoplosbare moeilikheid dat Suid-Afrika nie kan toegee aan die eise van die Indiërs nie en dat 'n regering wat toegee aan die Indiërs se eise, nie twee weke sal bly bestaan nie. Dr. Malan het die hele vraagstuk aan Nehru verduidelik, maar het Nehru nie vir 'n antwoord gevra nie.

Dr. Malan het hierdie inligting aan die Volksraad verstrek.

# BAIE GELD VIR OORLOG

Die onkoste gemaak op oorlogskosterekening het tot 31 Maart 1948, volgens die verslag van die Kontroleur en Ouditeur-Generaal, £678,381,000 beloop waarvan £272,200,000 uit leningsgeld gekom het. Die vereffening van bruikleen teenoor die Verenigde State, het die rekening £15,754,000 gekos, maar in die geheel het dit £24,875,000 geverg.

Die bydrae van die Unie tot sy magte se onderhoud in die buiteland het £56,853,000 gekos. Namens ander regerings is regstreekse onkoste van £63,381,000 aangegaan. Teen die rekening is onder andere 'n bedrag geboek van £79,000 wat deur die Regering van Joego-Slawië verskuldig was vir die opleiding van vlieërs maar wat nie van daardie Regering geëis is nie.

DIE
# Boerejeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 18 MEI 1949

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
18 Mei 1949.

Beste Boerejeug-Maats,

Hierdie week kan ons weer spog met 'n hele klomp briewe. Baie dankie Maats, ons hoop dat dit nou elke week so sal aanhou.

VELDKNT. P. VAN RHYN (NOORDEWIND), van KANONEILAND skryf dat hulle hard besig is om te werk vir hulle funksie van 14 Mei. Hulle hoop om Upingtonse Boerejeug ook teenwoordig te hê. Noordewind vertel ook dat die Boerejeug van Kanoneiland uitsien na 'n volgende Boerejeug-laer. Hy het 'n lys met name aan ons gestuur vir die Verjaardagketting. (Baie dankie Noordewind, stuur vir ons 'n verslag van julle funksie.—Red.)

Maat SARAH KLEYN, ELANDSKRAAL, P.K. HOMTINI, OOR GEORGE, het vir ons 'n paar grappies gestuur wat ons elders in hierdie uitgawe plaas.

Mev. J. DE JAGER van MOOIKLIP, ABERFELDY, O.V.S. het vir ons 'n paar kiekies van hulle uitstappie na Retiefklip gestuur. (Dit is jammer dat die mense op die kiekie 'n bietjie te klein en die ander kiekies te dof is vir plasing. Ons sal egter bly wees as u vir ons duideliker kiekies kan laat kry, of later weer stuur wanneer u afdeling vir 'n uitstappie of iets dergelyks gaan.—Red.)

MARTHA BARNARD, ELANDSKRAAL, P.K. HOMTINI skrywe dat dit daar by hulle lekker gereën het en dat die grassies nou weer mooi groen is. Sy het ook 'n paar grappies ingestuur. (As dit so lekker gereën het en die gras is groen en die ou sonnetjie begin weer skyn, dan is daar darem niks mooiers nie, nie waar nie Martha?)

Veldknte. RINA KILIAN, Glenhurst-weg, TIERVLEI, skryf dat dit haar laken is wat op die Paasnaweek-laertrek agtergebly het. (Ons sal sorg dat u dit kry Veldknte.)

Ons nooi ook al die ander maats uit om aan ons te skryf. Hoe meer briewe hoe lekkerder lees en skryf 'n mens. Ons wil so graag weet wat alles daar by julle gebeur. Laat ons sommer van almal hoor.

Boerejeug-groete,
BOEREJEUG-REDAKSIE.

# Hiervan En Daarvan

**BOEREJEUG-KENTEKEN:**

Boerejeug-lede wat nog nie 'n afdruk van ons Boerejeug-kenteken besit nie, kan dit bestel van Boerejeug-Hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria. Dit kos slegs 2/- per afdruk. Elke Boerejeug-offisier en -lid behoort 'n geraamde afdruk te besit.

**WEDSTRYD:**

Ons herinner net weer aan die Tent-Veldkornet-Kompetisie wat op 18 Mei sluit. Lesers word gevra om so spoedig moontlik hulle bydrae in te stuur. Pryse word toegeken.

**PAARLSE BOEREJEUG:**

Ons is gevra om bekend te maak dat die Boerejeug van die Paarl nou by die huis van Llewellyn Bohlmann, Durrstraat 3, Paarl, bymekaarkom. Hierdie reëling geld slegs totdae komdte. Hofmeyr weer teruggekeer het van haar vakansie.

**GRAPPIES:**

Voortaan sal ons ook ruimte afstaan vir grappies. Maats moet maar die grappies laat kom na die Boerejeug-Redaksie, Posbus 1411, Kaapstad. Ons plaas egter geen grappies oor die Bybel en die Kerk nie. Maats moet ook daarop let dat ons geen grappies kan plaas wat reeds in ander tydskrifte gepubliseer was nie.

**NUUS:**

Offisiere word weer ernstig gevra om asseblief korrespondente in hulle afdelings aan te stel wat ons gereeld van Boerejeugnuus kan voorsien. Waar daar nie korrespondente aangestel word nie, kan maats maar self berriggies instuur. Onthou dat die Boerejeug ONS nuusblad is. ONS moet sorg dat daar leesstof is om die blad te vul. (ONS is natuurlik die BOEREJEUG van Transvaal, Vrystaat, Natal en Kaapland.) Pos alle bydraes aan die Boerejeug-Redaksie, Posbus 1411, KAAPSTAD.

***BOEREJEUGNUUS:***

# KESTELLSE BOEREJEUG BESOEK RETIEFKLIP

**Die Boerejeug van Kestell, O.V.S., was bevoorreg om op Saterdag, 23 April, die beroemde Retiefklip te besoek. Die vyf-en-sestig geesdriftige Boereseuns en -dogters wat om 8-uur die oggend van Kestell vertrek het, is met twee vragwaens en drie motors vervoer. Die deeglike organisasie in verband met die vervoer is deur die ywerige Veldkornette Marie Pretorius en Asst.-Veldkornet Paul du Preez gedoen.**

Die reis was voorspoedig en die Boerejeug kon om 10-uur by genl. P. Badenhorst koffie geniet. Voordat die reis voortgesit is het die reisigers die gasheer en gasvrou „Lank sal hul lewe" toegesing terwyl Nellie James met haar trekklavier begelei het.

**GROEN VERF**

By Retiefklip aangekom, het almal na die geskiedkundige plek gehaas om dit te besigtig. **Die klip is met sterk draad omhein en is teen die helling van Kerkenberg geleë. Die woorde „P. Retief, Dins. 12 Nov. 1837" wat vermoedelik deur sy dogter Debora met haar vinger laar geskryf is, is nog duidelik leesbaar en word beskerm deur 'n stuk glas. Die letters is met groen verf gemaak. Die omgewing van die klip is 'n pragtige natuurtoneel.**

Met middag-ete was almal baie honger. Elkeen het sy eie kos saamgebring, maar die braaivleis, wors en krummeltjies pap (Ons ou Kaaplanders is maar dom. Laat ons weet wat dit is en hoe 'n mens dit maak — dit klink lekker.—Ded.) wat deur oom Gert Botha, 'n oud-geïnterneerde gemaak was, het baie gou verdwyn. Terwyl die ete voorberei is het Nellie James ons vergas op musiek.

Na 'n smaaklike ete het almal weer by die klip vergader. Hier het komdt. P. de Jager die verrigtinge met gebed geopen waarna mnr. J. Wessels die Boerejeug toegespreek het. Die Boerejeug was op nuut besiel deur die durf van ons voorouers.

**AFRIKANERBEESTE**

Later is daar besluit om by „Blyevooruitsig" aan te doen. Op pad daarheen het hulle 'n groot trop rooi-Afrikaner-beeste teengekom. Dit was ook nie lank nie of die trop het op die vragwaens afgestorm. Party van die kleiner kinders het bang geword, dog voordat hulle kon begin huil het 'n grapmaker alweer alle vrees weggepraat.

Ongelukkig het die Boerejeug nie hulle bestemming bereik nie, aangesien die vragmotorbestuurders die pad byster geraak het en dit reeds te laat was om weer terug te keer.

Kort voor sononder was almal weer terug op Kestell — doodmoeg, maar doodgelukkig. (Ingestuur deur Korrespondente Jacoba Oosthuizen, Kestell).

# VERJAARDAG-KETTING

Die volgende maats het gedurende die afgelope week verjaar. Ons wens hulle van harte geluk.

**MEI**

12 Paul Roux, Franschhoek.
Alwyn Muller, Bultfontein.
Henrietta Basson, Observatory.
Elsie Robertse, P.K. Moedwil, Oor Rustenburg.
13 Abraham Cohn, P.K. Luckhoff, O.V.S.
Neelsie van Wyk, P.K. Matrooster, Tvl.
Pieter Strachan, Middelburg, Tvl.
14 Maria le Roux, Stellenbosch.
Yvonne Taljaard, Belgravia, Johannesburg.
Helena Erasmus.
15 Petrus Pieters, Frankfort, O.V.S.
Helena Lombard, P.K. Luckhoff, O.V.S.
16 Levina du Preez, Elandskraal, P.K. Mooinooi, Tvl.

# Skiereilanders Gesellig Byeen

**Op Vrydagaand, 6 Mei, het die Boerejeug van die Kaapse Skiereiland hulle eerste maandelikse gesellige byeenkoms in die Vriendskapsentrum gehou. Die byeenkoms was bygewoon deur 'n groot aantal Boereseuns en -dogters.**

Die Sentrum was so vol dat die verversings buite in die gang voorberei moes word. Elke Veldkornetskap was verantwoordelik vir 'n deel van die verversings. Komdte. Jeppe en mev. Neethling van die Papendorp-kommando het meer as hul deel bygedra deur ook die bevel in die „KOMBUIS" waar te neem. Eetgoed was volop en lekker.

Die aand is deurgebring deur speletjies te speel, saam te sing en te lag. Baie welkom nuus was toe komdte. Cloete aangekondig het dat die volgende byeenkomste in die Duitse skoolsaal gehou sal word. Aangesien die ruimte groter is sal daar dan ook volkspele gespeel kan word. (Berig deur Pans Taljaard).

# Dienslaer Steeds Besig

Verlede Woensdagaand 11 Mei, het die Boerejeug-Dienslaer van die Kaapse Skiereiland vir die soveelste keer in die Vriendskapsentrum bymekaar gekom. Die vertrek was vol singende en laggende, maar ook hardwerkende seuns. Pakke briewe moes opgevou en in koeverte gesit word. Dit het gelyk of ons nooit al die werk kon behartig nie — en tog was dit voor tienuur reeds afgehandel.

Die hoogtepunt van die aand is om 9-uur bereik toe ons heerlike koeldrank en lekkers kon geniet. Mnr. Rufatus Burger, Ere-organiseerder van die Sonskyn-Tehuis Boufonds, vir wie ons diens gedoen het, het die verversings die middag daar kom aflaai. Dis werklik 'n plesier om mense te help wat jou dienste waardeer. Kou-kou het ons die taak voltooi en net na half-tien is ons uitmekaar.

Die seuns sien baie uit na die stoeigeveg van Vrydagaand waar hulle ook diens sal doen. Intussen droom ons maar van die staptoer — vroeg aanstaande maand.

**Vra u Ouers om ook „DIE BOEREJEUG" te lees!**

# AAN ALLE LESERS

## *Baie Belangrik*

**Ons wil graag vir elke persoon, kind of volwassene, wat in hierdie blad, DIE BOEREJEUG, belangstel en 'n gereelde leser daarvan is, vra om meegaande vormpie dadelik in te vul en aan ons terug te stuur. Ons neem hierdie stap in ons lesers se voordeel, die rede waarom hulle later sal uitvind.**

**As daar meer as een leser in 'n huis is, is een vorm vir so 'n huisgesin genoeg.**

**Stuur dadelik die vormpie, anders gaan jy dalk later spyt wees dat jy dit nie gedoen het nie.**

**AAN:**
**Die Redakteur,**
**„DIE BOEREJEUG,"**
**Posbus 1411, Kaapstad.**

**Ek is 'n gereelde leser van ons blad, DIE BOEREJEUG, en sal bly wees as u my naam vir rekord-doeleindes op u register plaas.**

**VAN**.................................................................

**VOORNAME**.......................................................

**ADRES**..............................................................

..............................................................................

**Ouderdom**.................. **Datum**..............................

**Ek is lid van die Boerejeug — JA/NEE**

**'n Oop koevert met 'n ½d.-seël sal genoeg wees.**

# HULLE HET GEDURENDE MAART VERJAAR

Christiaan du Toit, Paarl Vallei.
Elaine van der Spuy, Paarl.
Michiel Luttig, Paarl.
Elmine Roux, Paarl.
Helena Minnig, Paarl.
Hugo Slabbert, N. Paarl.
Izak van Zyl, Paarl.
Gabriel Luttig, Paarl.
Wilma du Plessis, Paarl.
Josua Dykman, Paarl.
Johanna du Plessis, Paarl.
Noël Lourens, S. Paarl.
Willem van der Merwe, Paarl.
Sussana Koen, Frankfort.
Maria le Roux, Frankfort.
Christina Vermeulen, P.K. Luckhoff.
Estelle Grobbelaar, Oor Fauresmith.
Jacobus Kriek, Franfort.
Johanna Naude, Frankfort.
Merle Strauss, Franfort.
Abraham Hoffmann, P.K. Luckhoff.
Maria Erasmus, Oor Cullinan.
Adelina de Freitas, Johannesburg.
Johannes Smit, Bosbokrand.
Jacobus Bezuidenhout, Pretoria.
Aletta Erasmus, P.K. Boshoek.
Helena Snyman, Kwaggafontein.
Lettie Welthagen, P.K. Mooinooi.
Johanna Catharina Watson, Johannesburg.
Christina du Toit, Middelburg, Tvl.
Martha Smit, Bosbokrand.
Joseph Stephens, Wondermeer, oor Zeerust.
Doreen Wassenaar, Middelburg, Tvl.
Kruger du Toit, Koedoeskop.
Anna Erasmus (?).
Anna Steyn, Buurmansdrift.
Anna van der Westhuizen, Kakamas-Oos.
Elsabe Roux, Franschhoek
Francis du Toit, Loxton.
Johanna Marais, Loxton.
Helena Nieuwoudt, Dist. Vryburg.
Johan Kirsten, Wellington.
Sarie Roos, Wellington.
Gert Slabbert, Paarl.
Jan Vorster, Loxton.
Kosie Siebrits, Franschhoek.
Laetitia, Retief, Wellington.
Sannie Landman, Humansdorp.
Roland Kresfelder, Kirkwood.
Gertruida Muller, Aughrabies, Oor Kakamas.
Anna Theron, Aughrabies, Oor Kakamas.
Rita Burger, P.K. Brandvlei.
Gertruida van Rensburg, Loxton.
Christina Botha, Stellenbosch.
Stephanus Kuhn, Robertson.
Kosie Loubser, Malmesbury.
Salomina Janse van Rensburg, Kakamas.
Mavis Jooste, Loxton.
Sakkie Burger, Brandvlei.
Pieter Eksteen, Franschhoek.
Christiaan du Toit, Wellington.
Janetta Slippers, Aughrabies, Oor Kakamas.
Mimi de Koker, Stellenbosch.
Susara Posthumus, P.K. Indwe.
Anna van Rensburg, P.K. Kanoneiland.

# Dr. Malan Word Draer Van Britsisme

(Vervolg van bladsy 1)

**BRITSE KONNEKSIE**

**Tweedens draai dr. Malan geen doekies om die feit nie dat hy en sy party nou finaal afgesien het van die voorneme om die Britse konneksie te knip.**

**Selfs al word Suid-Afrika 'n republiek dan moet dit 'n republiek binne die Statebond of 'n Konneksie-Republiek wees, is dr. Malan se verklaarde nuwe standpunt.**

Volgens „Die Republikeinse Orde", 'n H.N.P.-beleidstuk wat op gesag van die Federale Raad van die H.N.P. uitgegee is, het dr. Malan (die nasionalis) verklaar: „Alleen deur die verbreking van die Britse konneksie sal ons volkseenheid in ons land opbou." Maar dr. Malan het selfs baie verder gegaan. In genoemde beleidstuk sê hy: „As ons die Republiek het, moet die vyandiggesinde, onnasionale elemente se seggenskap in ons volksake uitgeskakel word. Die dele van die pers wat dan nog vreemde belange wil bepleit, wat wil voorstaan dat die Republiek afgeskaf en die Britse konneksie weer ingestel word, sal beskou moet word as deelnemende aan ondermynende en verraderlike bedrywighede."

**Dit is die oordeel wat Malan die nasionalis vel oor Malan die Britsis!**

**ALMAL?**

Die vraag moet vervolgens gestel word of die hele H.N.P. saam met dr. Malan bolmakiesie geslaan het en of almal voortaan die draers van Britsisme in Suid-Afrika gaan wees? **Wat van min. J. G. Strydom, die Transvaalse leier, en van min. C. R. Swart, die Vrystaatse leier?**

In 1942 was mnr. C. R. Swart op die voorpunt van die voorbokke wat doenig was met die sogenaamde Vrymesselaarsbriewe-storie. Volgens die storie sou wyle genl. Hertzog dan met vyande van die Afrikanerdom geknoei het of wou knoei ten einde 'n „Britse Republiek" in S.A. uit te roep. Om hierdie denkbeeldige gevaar af te wend het mnr. C. R. Swart hom destyds geroepe gevoel om erg bedrywig te wees. **Maar wat nou omtrent die werklike gevaar van dr. Malan se „Konneksie-Republiek"?**

In 1942 het mnr. C. R. Swart teen die denkbeeldige „Britse Republiek" van genl. Hertzog geveg en, heeltemal terloops, het die Vrystaatse leierskap van die H.N.P. hom in die skoot geval toe wyle genl. Hertzog uitgeskinder was. As mnr. C. R. Swart in 1949 teen die werklike „Konneksie-Republiek" van dr. Malan begin weg, dan mag, heeltemal terloops, hom 'n ministerskap ontval!

**STRYDOM**

En in dieselfde penarie sit min. J. G. Strydom die „kwaai republikein" van die Noorde.

**Dit lyk vir my asof mnre. Strydom en Swart se republikeinse opregtheid nou getoets word. En sover ek kan oordeel is die uitslag nog beslis twyfelagtig.**

**Die silwer-randjie van hierdie wolk is min. Strydom se uitlating in die Volksraad dat sy ideaal nog steeds 'n republiek buite die Statebond is.**

**Die pertinente vraag is egter of min. Strydom se republikanisme kan versoen met die Britisme van dr. Malan in wie se kabinet hy sit.**

Indien die volksraadverklaring van dr. Malan deur die Herenigde Nasionale Party aanvaar word sal dit beteken dat die party die ideaal van nasionale Afrikaner-republiek verruil het vir die ideaal van 'n Britse of Statebonds-republiek.

**O.B. SE TAAK**

**Hierdie feit onderstreep enersyds die historiese taak van die Ossewabrandwag en andersyds die republikeinse opregtheid van die Volksbeweging. Net soos die O.B. gedurende die oorlogsjare alleen die republikeinse stryd moes voer en gevolglik die slagoffers van Britisme moes oplewer; en alleen die republikeinse Noodhulpfonds moes instandhou; en al die jare alleen die republikeinse partylose of saamwerk-stelsel moes bepleit; net so moet die O.B. voortaan ook alleen die pleitbesorger wees van 'n republiek afgeskei van die Britse Kroon en Statebond.**

Die Ossewabrandwag is nie en wil nie die draer van die moderne Britsisme in S.A. wees nie. Die Ossewabrandwag is en wil die draer van Afrikanernasionalisme bly.

# REGERINGSPARTY IN ENGELAND LY NEDERLAAG

**Die Britse Arbeidersparty het gevoelige verliese gely in die afgelope plaaslike verkiesings waarvan die resultate die naweek bekend geword het. Die Konserwatiewes het 805 setels gebuit en maak daarop aanspraak dat hulle, sover dit plaaslike regering betref, die sterkste politieke party in Brittanje is.**

Die Konserwatiewes juig terwyl die Arbeiders bekommerd voel, maar in politieke kringe word verklaar dat dit miskien onveilig is om 'n afleiding te maak dat hierdie uitslag die juiste aanduiding is van wat aanstaande jaar kan gebeur as die algemene verkiesing plaasvind omdat baie kiesers nie gestem het nie.

Die Arbeiders troos hulle met die gedagte dat kiesers in 'n algemene verkiesing voor ander strydvrae geplaas word en op 'n ander manier hul keuse sal doen.

In Londen waar die Konserwatiewe Party voorheen slegs vyf verteenwoordigers gehad het, het die party nou elf en die Arbeiders 17, en die Londense Times suggereer dat hierdie ommeswaai miskien van groot betekenis kan wees vir die algemene verkiesing. Baie kiesers het egter nie gestem nie.

**Die moontlikheid word ook genoem dat die Arbeiders so spoedig moontlik 'n verkiesing sal uitskryf voordat hul prestige heeltemal gedaal het.**

Die Konserwatiewes het 'n totaal van 1,856 lede verkies terwyl die Arbeiders 1,778 verteenwoordigers het.

**In elk geval bewys die uitslag hoe onbestendig parlementêre regerings is. Dit is nog nie volle vier jaar dat die Arbeiders hul reuse-oorwinning behaal het nie, en ondergang staar hulle reeds weer in die gesig.**

# Wil Vroue Se Regte Uitbrei

Die Suid-Afrikaanse vrou sal in die toekoms dieselfde wetlike status as haar man oor haar kinders geniet, indien die volksraad die verslag van die kommissie van ondersoek in die wetlike beperkings op vroue, wat die afgelope week voor die volksraad gelê is, aanvaar. Die kommissie wil ook groter beskerming aan getroude vroue gee ten opsigte van hul eie besittings en haar ook die verpligting oplê om in die verdedigingsmag en in die jurie te dien.

Dit sal beteken dat vroue wat werk nou volle beheer oor die bate wat hulle verwerf, sal hê, en die man nie die reg sal hê om die vrou se geld by die werkgewer te gaan opeis nie.

# Indiërs Vir Nehru Kwaad Oor Britse Konneksie

**Die Indiese eerste minister, Pandit Nehru, sal hierdie week met heftige teenstand en kritiek te doen kry oor sy optrede in Londen waarvolgens die Indiese republiek binne die Britse verband sal bly, na berig word. Sy eie party is sterk verdeel oor die Londense verklaring.**

**Die Cape Times se korrespondent berig dat behalwe die Sosialiste en die Kommuniste, 'n groot deel van die Kongres-party gekant is teen die besluit om binne die Statebond te bly. Hulle is nie bereid om deel van die Britse Ryk te bly nie afgesien van enige voorwaardes wat aan die hand gedoen mag word.**

Behalwe hierdie vraagstuk sal die konstituerende vergadering wat hierdie week sit, die nuwe grondwet vir die Indiese republiek, wat op 14 Augustus tot stand kom, een van die belangrikste vraagstukke wees. Onder meer moet daar nog besluit word oor die amptelike taal, die volkslied en watter naam die republiek sal dra. Waarskynlik sal Engels ook nog vir 'n tydperk van 10 of 15 jaar as amptelike taal erken word.

# Indië Ontwyk 'n Beslissing

**Suid-Afrika het die afgelope dae 'n groot oorwinning aan sy buitelandse front behaal toe Indië, wat Suid-Afrika nou reeds vier jaar lank by die V.V.O. aankla oor die behandeling van Indiërs, gekapituleer het.**

Die wêreldliggaam het die afgelope week te doen gehad met 'n voorstel dat 'n kommissie aangestel moet word om die behandeling van Indiërs in Suid-Afrika te ondersoek. Dit is deur die politieke komitee goedgekeur. Voordat die saak egter tot stemming in die algemene vergadering gebring is, het Indië te kenne gegee dat hy nie sal vra dat die saak tot stemming gebring word nie. Dit beteken dat die voorstel herroep word.

Hierna het die raad 'n voorstel aangeneem dat die regerings van Suid-Afrika, Indië en Pakistan uitgenooi word om die saak in konferensie te bespreek. Suid-Afrika het alleen teen hierdie voorstel gestem.

As rede vir die Indiese stap word genoem die besef by die Indiese afvaardiging dat sy voorstel nie die nodige tweederde-meerderheid stemme sal trek nie. Kommentators noem die afdingingsvermoë van die Unie-afvaardiging as een van die redes waarom Indië tans minder steun geniet. Die kleiner lande besef wat die goedkeuring van so 'n voorstel moontlik in die toekoms vir hulle kan inhou.

Die Burger verklaar dat dit jammer is dat Indië nie sy voorstel gehandhaaf het nie omdat verwerping van die voorstel hom miskien sou geleer het om sy neus uit ons huishoudelike sake te hou.

# Moontlike Inlywing Van Protektorate

Die Eerste Minister het bekend gemaak dat hy tydens sy besoek in Londen die kwessie van die inlywing van die Britse protektorate by die Unie, met die betrokke Britse leiers bespreek het. Brittanje is daarop gewys dat die toekoms van die protektorate as deel van die Unie reeds by die stigting van die Unie aangedui is. Veertig jaar het sedertdien verloop en die Unie het intussen ook soewerein geword.

Uit Londen word berig dat die Britse regering tans 'n antwoord in hierdie verband oorweeg en dat dit binnekort bekend gemaak sal word. Sommige meen dat dr. Malan se kanse om die Britse verlof vir inlywing te kry, tans uiters gunstig is nadat hy na vore getree het as beskermheer van die Statebond. **Daar moet egter op gewys word dat dr. Malan se kleurbeleid die groot paaiboelie by die Britte is, en Londen sal waarskynlik toegewings ook op hierdie gebied eis voordat hy die gebiede gaan oordra, veral nou dat dr. Malan toegegee het op republikeinse gebied.**

Verantwoordelikheid vir alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word aanvaar deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# KORING SE PRYS

Die prys van koring sal vir die volgende seisoen nie verander word nie maar bly 43/- vir koring van klas B, graad 1 in nuwe tweedehandse sakke, plus die gewone premie van 6d. per sak vir klas A, en minus die gewone vermindering van 3/- per sak vir klas D, volgens 'n amptelike aankondiging.

Daar sal by die Minister van Volkswelsyn aanbeveel word dat huise en woonstelle bo 'n huur van 'n sekere bedrag, afgeskaf word. Daar is nog nie besluit wat die bedrag moet wees nie maar dit sal waarskynlik tussen £12 en £20 wees. Dit is moontlik dat die bedrag nader aan £20 sal wees as aan £12.

# Min. Strydom Se Hoop Nog Buite Empire

**Dat daar nie algehele eenstemmigheid in die H.N.P.-leierskap bestaan ten opsigte van dr. Malan se binne-Empire-bly-standpunt nie, het geblyk uit die besprekings in die volksraad verlede Woensdag toe die Transvaalse leier van die party, min. J. G. Strydom, baie uitdruklik gepraat het van die „finale stap" wat nog anderkant die Indiese pad lê.**

Hy het gesê dat sy party in die verlede gedink het aan die pad van De Valera in Ierland maar dat dr. Malan nou 'n nuwe pad oopgemaak het waardeur die Unie 'n republiek binne die Statebond kan word, soos Indië. Dit het die weg na 'n republiek vergemaklik. „Selfs voor die finale stap gedoen word, kan nou gedoen word wat Indië gedoen het."

**Min. Strydom is natuurlik deur sy koukus verplig om dr. Malan se standpunt te steun, maar hy het verstand genoeg om teen hierdie tyd te besef dat die pad van genl. Botha en Smuts klaar die bewys gelewer het dat as jy eers eenmaal jou mense tevrede stel om binne die Empire te bly omdat dit „in Suid-Afrika se belang is", dit later onmoontlik word om hulle weer iets anders te laat glo.**

**Min. Strydom sal moet pasop dat hy nie teen sy beterwete sy hoofleier toelaat om 'n nuwe soort „Sap" van goeie republikeine te maak nie! Die Empire en sy pers juig nie sonder rede nie!**

# V.S.A. Gaan Lening Gee Aan Spanje

**Volgens diplomatieke kringe in Spanje het Amerika ingewillig om 'n groot lening aan Spanje toe te ken ongeag wat die houding van die V.V.O. teenoor Spanje is. Al feit waaroor onsekerheid heers, is die bedrag. Na gemeen word sal dit tussen £12,500,000 en £50,000,000 wees.**

Die enigste struikelblok wat daar by die onderhandelings was, het nie van die kant van Amerika gekom nie maar van die kant van Spanje. Amerika is baie begerig om 'n lening aan Spanje af te staan omdat hy wil verhoed dat die land ekonomies 'n knak kry wat sal beteken dat die Kommuniste weer 'n houvas op die land kry. So 'n ontwikkeling wil Amerika ten alle koste verhoed.

**Hierdie ontwikkeling beteken dus dat Spanje eindelik uit die isolasie gebreek het waarin die Kommuniste en hulle napraters die land gemaneuvreer het.** Amerika het blykbaar nou sy fout ontdek en ook besef watter rol anti-kommunistiese Spanje in die Weste kan vervul.

**'n Amerikaanse lening aan Spanje word in Engelse kringe beskou as 'n gevoelige slag vir Britse belange. Brittanje was nog steeds op die voorpunt in die stryd om Spanje uit te sluit in die koue.**